# DEEL I : TETIESE UITEENSETTING.

## I.A. INLEIDING

### HOOFSTUK 1. HISTORIESE EN ALGEMENE INLEIDING

1. Histories. Ernst Cassirer is op 29 Julie, 1874 in Breslau gebore as seun van ryk Joodse ouers. Sy opvallendste karaktertrek was 'n ontwikkelde sin vir reg en geregtigheid. Alhoewel hy die mees geliefde kind van sy ouers was, het hy nooit enige diskriminasie ten gunste van homself geduld nie. Hy was ook 'n besondere liefhebber van kuns en musiek. In die laer klasse van die skool was hy maar 'n gemiddelde leerling en het hy nie blyke gegee van die besondere gawes, waarmee hy hom in sy latere lewe sou onderskei nie.

Sy oupa van moederskant was 'n besonder ontwikkelde man met 'n wye belangstelling, veral in die Filosofie. In sy somervakansies het klein Ernst by hom gaan kuier en in sy gesprekke met sy grootvader en in die gebruik van die se biblioteek, het sy belangstelling in en liefde vir die intellektuele lewe ontwaak. Op twaalfjarige leeftyd was hy reeds baie meer belese as die gemiddelde leerling. Dit is ook by hierdie grootvader waar hy sy vermoë tot gekonsentreerde en inspannende werk verwerf het. Aan die einde van sy hoërskoolloopbaan verwerf hy sy sertifikaat met die hoogste punte in sy klas.

Op aandrang van sy vader skryf hy op agtienjarige leeftyd as wetstudent in aan die Universiteit van Berlyn, maar slaan heel gou oor na 'n studie van die Duitse filosofie en lettere. Omdat hy ook hier nie bevrediging in sy studies kry nie, besoek hy vervolgens die universiteite van Leipzig en Heidelberg en keer dan weer terug na Berlyn. In 1894 volg hy 'n kursus in die filosofie van Kant, aangebied deur Georg Simmel, Privatdozent aan laasgenoemde universiteit. Gedurende hierdie tyd was daar 'n oplewing van belangstelling in die filosofie van Kant, wat gekom het as reaksie teen die geweldige golf van mistisisme wat Duitsland aan die begin van die negentiende eeu oorweldig het.As gevolg van hierdie verdieping in die Kantiaanse filosofie onstaan daar heel gou 'n nuwe filosofiese rigting namelik die Neo-Kantianisme, wat in verskeie filosofiese skole aan verskillende universiteite ontwikkel. Een van die belangrikste hiervan is seker die Marburgse skool onder leiding van Cohen. Toe Simmel in sy lesings daarvan melding maak dat Cohen seker die man is wat Kant die beste interpreteer, het Cassirer 'n deeglike studie van sy werk oor Kant gemaak en vertrek daarna na Marburg om onder Cohen te studeer. Baie gou word sy besondere filosofiese aanleg bekend en word hy 'n leier onder die volgelinge van Cohen. Hy lê hom ook hier toe op 'n groot verskeidenheid vakke, waaronder Wiskunde, Meganika, Biologie en Filologie. Sy latere werke getuig dan ook van 'n deeglike kennis op 'n groot verskeidenheid terreine, sowel as van sy buitegewone geheue. Hy was 'n staat om uit die vuis bladsy na bladsy aan te haal en ook om allerlei vraagstukke en aanverwante probleme op 'n groot verskeidenheid terreine in verband te bring.

2./ Omdat die ...........

Omdat die beskouings van die Marburgse skool so'n groot invloed op die denke van Cassirer gehad het, is dit nodig om hier iets meer daarvan te sê.

Ten eerste wat hulle metode betref: Hulle wil Kant se transendentale of kritisistiese metode handhaaf en daarmee die gees van die Kantiaanse filosofie voortsit. Hierdie metode begin met die gegewens van wetenskap, kuns, sedelikheid en godsdiens en wil dan van daaruit deurdring tot die grondslae wat hierdie dinge moontlik maak. Of anders gestel: hulle soek die regs- of geldingsgronde in die skeppende gees van die mens. Hulle wil dus tot die wetsgrond en daarmee tot die eenheid van die Logos deurdring waarvolgens wetenskap, kuns, sedelikheid en godsdiens geskep word. Hulle wil egter nie soos Kant die metode strak en onbeweeglik stel nie, maar sien dit veeleer voortskrydend en ontwikkelend. Niks, sê hulle, is klaar en afgesluit nie; alles is beweging en - wat die metode betref - denkbeweging. Logika is dan vir hulle die fundamentele wetenskap wat vir alle kultuurgebiede die grondbegrippe, die voorwaardes en middels van bepalings van die "Gegenstände" uitwerk. Alhoewel hulle dus aan die gees van Kant se filosofie vashou, bind hulle hulself nie in alle opsigte aan Kant nie. Hulle gaan verder as hy.

Ten tweede wat hulle kennisleer betref: Hulle verwerp Kant se dualisme van waarneme en denke en wil alles vanuit denke alleen verstaan. Waarneming is geen selfstandige faktor van kennis nie en moet vanuit die denkfunksie benader word. Hulle is dus meer rasionalisties as Kant, want hulle verwerp die empiristiese trekke van sy filosofie. Hulle aanvaar nie Kant se dualisme van noumenon en phaenoumenon nie. Hulle verwerp Kant se leer van die noumenon want, sê hulle, alle syn is gedenkte syn. Wat hulle dus eintlik werklik beoog is 'n monisme; werklikheid en wetenskap is monisties, maar omdat hulle die denke so beklemtoon kan ons hulle beskouing as logistiese monisme bestempel.

Ten derde wat hulle beskouing oor sedelikheid en godsdiens betref: Net soos vir Kant lê die sedelikheid vir hulle in 'n pligsbewussyn, maar in teëstelling met Kant word die sosiale aspek van die sedelikheid beklemtoon en is hulle etiek 'n sosiale etiek. Hulle beskouing oor godsdiens is sonder 'n godsidee en word deur sommige tot sedelikheid (Cohen) en ander tot 'n kultuurskepping (Natorp) herlei.

Op die gebied van kennis is hulle dus meer rasionalisties as Kant - die rede speel die oorheersende rol op die gebied van kennis - maar op die gebied van die sedelike minder rasionalisties. Die krag van die wilslewe, aanvaar hulle, lê nie in die rede soos Kant dit stel nie, maar in die intensiteit van die emosies en gevoelens. Cassirer sluit hierby aan; hy is egter minder rasionalisties en logisisties in sy denke maar net so humanisties en transendalisties in sy metode.

Omdat die Marburgse skool soveel klem lê op kennis en die rol wat die rede daarin speel, is dit te verstane dat Cassirer sy eerste studie aan die epist mologie sal wy. Hy verwerf sy doktorsgraad summa cum laude met 'n tesis oor Descartes se kennisleer. Hierdie tesis vorm 'n deel van 'n groot werk oor Leibniz. Hy keer nou terug na Berlyn, waar hy

3./ in 1902 met 'n niggie .......

in 1902 met 'n niggie van hom getroud is. Hy vestig hom in München maar keer na 'n jaar terug na Berlyn, waar hy 'n groot werk "Das Erkenntnisproblem in der Philosphie und Wissenschaft der Neuern Zeit" in twee bande voltooi. Hierdie werk word in 1906 en weer in 1908 uitgegee en verkry betreklik gou erkenning as standaard werk op die gebied van die menslike denke. Vyftien jaar later verskyn 'n derde deel en in 1941 word die vierde band voltooi. In hierdie werk beskryf hy die ontwikkeling van die menslike denke van die vroegste tye tot die hede.

Hierdie werk is 'n treffende openbaring van die omvattenheid van sy denke en van sy verbasende vermoë om hom in te leef in die verskeie individuele denkwyses, dit te rekonstrueer in al hulle eienaardighede, die waarheidsmomente sowel as die teenstrydighede en swakhede bloot te lê. "Cassirer had an incredibly fine mind for the slightest nuances of thought, for the minutest differences and similarities, for all that was fundamental or of secondary importance; with steady grasp he picked up the development through all its stages and ramifications; and, in showing how the s a m e concept acquired a d i f f e r e n t meaning, according to the diverse philosophical systems in which it was applied as a constructive element, Cassirer laid the first foundation for the ideas which he later developed as his theory of "symbolic forms."[1]

As gevolg van die groot welslae wat hy met bogenoemde boek bereik kry hy 'n aanstelling as Privatdozent aan die Universiteit van Berlyn, ten spyte daarvan dat hy 'n Jood en boonop 'n lid van die Marburgse skool was. Alhoewel bywoning van sy lesings nie verpligtend was nie, is dit heel gou deur tientalle studente bygewoon.

Sy eerste groot sistematiese werk verskyn in 1910, nl. "Substanzbegriff und Funktionsbegriff". Die inhoud van hierdie werk word aan die probleem van begrippe gewy. Vir die vorige 2000 jaar was die logika gebasseer op die Aristoteliaanse leer van begrippe wat uitgaan van die beginsel dat generalisasie altyd die resultaat van abstraksie is. Hierdie beskouing het volgens Cassirer 'n besliste leemte: Vanwaar word die groepe van gelyksoortige dinge gekry wat as vermeende basis vir abstraksie gebruik word. Dit is tog duidelik dat die eerste waarneming as 'n kriterium gebruik word om te besluit welke aan 'n groep van soortgelyke dinge behoort en welke nie. Aristoteles se abstraksie is dus alleen moontlik as dit 'n gevolg is van 'n proses van uitsoek, van 'n gekoördineerde aktiwiteit van die menslike rede. Dit is die eerste en fundamentele stap na algemene begrippe en nie abstraksie nie. "What lends the theory of abstraction support is merely the circumstance that it does not presuppose the contents, out of which the concept is to develop, as d i s c o n n e c t e d p a r t i c u l a r i t i e s , but that it tacitly thinks them in the form of an ordered manifold from the first. The concept, however, is not deduced thereby, but presupposed; for, when we ascribe to a manifold an order and connection of elements, we have already presupposed the concept, if not in its complete form, yet in its fundamental function."[2] 'n Tweede leemte wat Aristoteles se teorie

4./ van abstraksie

1. Dimitry Gawronsky in The Library of Living Philosophers Vol VI : bl.14
2. Cassirer: Substance and Function, 17.

van abstraksie openbaar is die volgende: Om 'n begrip te kan vorm word alleen sodanige eienskappe behou wat gemeenskaplik is aan 'n gegewe begrip en besonderhede word nie ingesluit in die algemene begrip nie. En hoe meer algemeen 'n begrip is, des te minder attribute bevat dit en des te meer besonderhede verdwyn in die proses van abstraksie. En tog "the genuine concept does not disregard the peculiarities and particularities which it holds under it, but seeks to show the n e c e s s i t y of the occurence and connection of just these particularities ....... Here the more universal concept shows itself also the more rich in content."[1] Hy wys verder daarop hoedat die struktuur van die begrip gedurig van karakter verander soos dit wissel van een wetenskap na die ander.

Cassirer se beskouing oor die begrip was baie vrugbaar vir die hele veld van die teoretiese kennis. Die beginsels en metodes van die menslike rede word bevry van die oorskaduwing van hulle absoluutheid en hulle funksionele aard word as buigbare instrumente in die menslike denke geopenbaar. Juis in hierdie funksionele aspek lê die vaste en onvernietigbare waarde van die begrippe.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog doen hy diens as siviele amptenaar en in hierdie tyd verskyn sy boek "Freiheit und Form." In hierdie werk sit hy die mensliewende en idealistiese neiging in die Duitse kultuur (Kant, Lessing, Schiller en Goethe) oortuigend uiteen. Hy openbaar ook dat hy 'n fyn digterlike aanvoeling het; trouens, hy aanvaar dat die groot digters en belletriste net so soek na die oplossing van ewige probleme van syn en lewe as wat die filosowe dit doen. Hulle druk net hulle gedagtes en geloof in konkrete simbole en beelde uit en nie in die vorm van abstrakte beredenering nie. Die stormagtige tydperk na die Eerste Wêreldoorlog en die opkoms van die verskeie totalitêre ideologieë vereis 'n nuwe benadering tot die probleem van die werklikheid en dit dien as 'n agtergrond vir Cassirer se teorie van die simboliese vorme.

Cassirer vertel hoedat hy, net toe hy op 'n trem klim om huistoe te gaan, in 'n oomblik 'n insig gekry het in die begrip en samestelling van die simboliese vorme. Hierdie insig het die sluitsteen geword van sy werk van die volgende tien jaar. Die eensydigheid van die Kant-Cohen kenteoretiese beskouing het vir hom duidelik geword.

Dit is nie slegs die menslike rede - soos hulle dit stel - wat die sleutel is tot die insig van wat die werklikheid is nie. Dit is die hele menslike gees (human mind) met al sy funksies en impulse, al die mag van sy verbeelding, sy gevoel, wil en logiese denke, wat vir ons die begrip en die vorm van die werklikheid bepaal."The true concept of reality cannot be pressed into a plain and abstract form of being, it rather contains the whole manifold and wealth of spiritual life ..... In this sense any new 'symbolic form' - not only the concept and system of knowledge, but also the intuitive world of art or myth or language, represents - according to a saying of Goethe's - a revelation directed from the inside toward the outside, a 'synthesis of world and mind' which alone makes certain for us the unity of both."[2]

5./ Die hele wêreld van ......

1. E.Cassirer: Substance and Function, 19-20
2. Ibid:Phil.der Symb. Formen I, 46 (Vertaal deur D. Gawronsky.)

Die hele wêreld van werklikheid kan alleen begryp word met behulp van sekere „mental images" namelik simboliese vorme. Die taak van die filosofie is dan juis om 'n verklaring te gee van daardie geestes en fisiese funksies wat die struktuur van hierdie simboliese vorme bepaal.

Volgens Cassirer word die geheel van die menslike kultuur weerkaats in die gees van die mens as 'n eindelose ry van simboliese vorme. Hy stel dit hom nou ten doel om die struktuur van hierdie vorme in die algemeen te analiseer en ook om aan te toon watter spesifieke tipe simboliese vorme onderliggend is aan die verskillende terreine van die menslike lewe - godsdiens, kuns, wetenskap en sosiale aktiwiteite. Die term simboliese vorm word deur Cassirer in 'n drieledige maar tog verwante sin gebruik. Teen eerste sluit dit in dít waarna dikwels verwys word as die simboliese verhouding, die simboolbegrip, die simboliese funksie of slegs die simboliese. Ten tweede dui dit die verskeidenheid kulturele vorme aan, soos mite, kuns, godsdiens, taal en wetenskap wat as terreine dien vir die toepassing van die simboolbegrip. Ten laaste word dit toegepas op ruimte, tyd, getal, ens., deurdringende simboolverhoudings wat die objektiwiteit aandui, met kenmerkende wysigings, van die kulturele vorme. Hieroor egter later meer.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog word twee nuwe universiteite in Duitsland opgerig - eén te Hamburg en eén te Frankfurt. Beide bied aan Cassirer 'n professoraat in die Filosofie aan en hy besluit om na Hamburg te gaan. Dit is gedurende hierdie tyd dat sy groot werk,"Philosophie der Symbolischen Formen" in drie bande verskyn (1923 -1929). In 1930 word hy rektor aan hierdie universiteit.

Toe Hitler kanselier van die Duitse Ryk word, besluit hy om te emigreer. Hy gaan twee jaar na Oxford en in 1935 vertrek hy na Swede waar hy 'n professoraat aan die Universiteit van Goeteborg aanvaar. Hy vertoef sewe jaar in Swede en word ook intussen Sweedse burger. Dit was 'n baie vrugbare tyd in sy lewe en heelwat werke verskyn van sy hand.

In 1941 gaan hy op uitnodiging twee jaar lank as besoekende professor aan die Universiteit Yale doseer. Oorlogsomstandighede verhinder hom om na Swede terug te keer en aanvaar hy 'n professoraat aan die Universiteit Columbia.

In 1944 verskyn sy "An Essay on Man", 'n samevattende uiteensetting van sy filosofie van die simboliese vorme en hulle toepassing op die verskillende terreine van die menslike kultuur. Alhoewel hy in sy Voorwoord sê dat die boek nie slegs vir geleerdes en filosowe bedoel is nie, is dit soms heel moeilik om te verstaan. Ten eerste, omdat hy dit geskrywe het in 'n taal wat vir hom vreemd was - of soos hy dit self sou stel - in 'n taal wie se simbole nog nie sy simbole geword het nie. Ten tweede is 'n deeglike kennis van sy filosofie van die simboliese vorme nodig om al sy stellings en beskouings in hierdie werk ten volle te verstaan; dus het dié sekerlik nie vir die gewone man veel betekenis nie. Tog is hierdie boek 'n sprekende getuie van sy besondere begaafdheid, sy verbasende kennis en byna fantastiese geheue.

6./ Alhoewel hierdie boek ....

Alhoewel hierdie boek oënskynlik oor die mees uiteenlopende onderwerpe handel, toon hy aan dat dit volgens sy eie beskouing per slot van sake maar net een onderwerp is."They are different roads leading to a common centre - and, to my mind, it is for a philosophy of culture to find out and to determine this centre."[1] Wat hy as hierdie middelpunt beskou, hoop ons om in later hoofstukke aan te dui.

Gedurende die laaste jare van sy lewe wy hy 'n groot deel van sy tyd aan 'n studie van die sosiale wetenskappe. Sy laaste groot werk "The Myth of State" verskyn eers na sy dood. Op 13 April 1945 is hy skielik oorlede terwyl hy op pad was van sy huis na die universiteit.

"Ernst Cassirer belongs to the great tradition of classical philosophy ....... Classicism always recognizes several principles as quite independent of each other, although closely connected and organically related and capable only in their organic interrelateness of creating and forming the spiritual world of man. This was the core of Cassirer's philosophical conviction. Throughout multifarious realms of human culture he demonstrated the originality and independence of their respective symbolic forms and at the same time showed the closest connection to exist among all these forms, thus uniting into one and harmonic whole."[2]

2. Algemeen: In die hieropvolgende behandeling van die onderwerp word die werk in drie dele opgedeel. Deel I.A. is die inleiding. In Deel I.B. word Cassirer se standpunt prinsipieel gestel. Sy indeling word egter nie gevolg nie omdat 'n ander beklemtoning beoog word. Dit is ook dikwels nodig om na ander bronne as sy "An Essay on Man" te verwys, veral omdat soos reeds hierbo gesê is, hierdie werk 'n opsommende samevatting van sy ander werke is. As gevolg hiervan is baie van sy kerngedagtes nie duidelik gestel nie en ander weer net implisiet. Wat dit nog meer bemoeilik om positiewe stellings te maak is die feit dat baie van sy beskouings vervat is in 'n kritiek op ander beskouings en moet vanuit hierdie kritiek gevolgtrekkings gemaak word.

Die stelling van sy standpunt is dan ook samevattend van aard en daarom word aan die einde nie weer 'n samevatting gegee nie. In Deel I.B. word dan Cassirer se beskouing oor die verskil tussen die mens en die dier, die mens as "animal symbolicum" en die aard van die simbool behandel.

In Deel I.C. word die mens en sy kultuur behandel. In hierdie gedeelte word Cassirer se hoofstukke-indeling gevolg ("Part II:An Essay on Man"). Hy wil in hierdie deel aantoon hoedat die mens in die verskillende kultuursektore deur middel van sy simboolskeppende of simboolvormende aktiwiteite tot kennis van die werklikheid kom en hoedat hierdie aktiwiteite terselfdertyd ook ordeskeppend is.

In Deel II word 'n kritiese beskouing van sy benadering van die "mens" gegee en Deel III is 'n beredenering van die opvoedkundige implikasies van sy mensbeskouing.

In sy "An Essay on Man" soek hy 'n antwoord op die vraag: Wat is die MENS? Hy soek die antwoord by alle aanverwante vakke wat hulle besig

7./ hou met 'n .......

1. E. Cassirer: An Essay on Man,viii (hierna genoem E.o.M.)
2. D. Bidney in P.o.E.C., 34 f.

hou met 'n studie van die mens soos byvoorbeeld die Sielkunde, die Epistomologie, die Sosiologie, ens. Verder soek hy 'n antwoord in die verskillende sektors van die menslike kultuur.

In al hierdie verskeidenheid terreine en sektors vind hy 'n basiese eenheid. Hierdie eenheid is aanwesig in die totaliteit van die mens met sy verskillende vermoëns en eienskappe sowel as in die totaliteit van die mensdom. Ook in sy verskillende kultuurskeppings word hierdie eenheid geopenbaar.

In sy ontleding van wat die mens is, vind hy steeds 'n wesensverskil tussen mens en dier. Telkens kom hy tot die gevolgtrekking dat al sou daar talle mutasies aanvaar word, die dier nie tot die mens kan ontwikkel nie. Die fundamentele verskil tussen die mens en die dier lê hierin dat die mens 'n animal symbolicum is, terwyl daar nog by geen diersoort die geringste blyk daarvan is dat daar so 'n ontwikkeling plaasgevind het nie. Hy noem sy standpunt die van "emergent evolution".

In die simbole wat hy skep lê vir die mens die kennis van die werklikheid opgesluit. Die simbole bestaan egter nie onafhanklik van die mens nie maar is skeppinge van die menslike gees. Ons gewaar hier baie duidelik die invloed van die Kantiaanse sowel as die Neokantiaanse kenteorie, alhoewel hy verder as hulle gaan.

Hierdie simboolvorming is 'n skeppende aktiwiteit van die menslike gees waardeur hy die werklikheid leer ken - soos hy dit stel - "from inside to outside." Kennis van die self is dan die weg waarlangs kennis van die buitewêreld verkry kan word. Die simbool is dus nie 'n kenmerk van die werklikheid nie, maar dit vervul 'n funksie in die ken van die werklikheid. In die vervulling van hierdie funksie ondergaan die simboolvorming altyd 'n sekere proses wat plaasvind in die menslike gees, 'n proses wat nie passief is nie maar steeds dinamies van aard. Omdat hierdie benadering van die werklikheid 'n dinamiese is en nie 'n passiewe nie, daarom sal die simbool as funksie of proses 'n spanningskarakter hê - 'n spanning tussen die sintuiglike indrukke en die simbool wat geskep word. Dit is juis in hierdie spanning waarin die skeppende werksaamheid van die menslike gees tot handeling kom.

Dit wil nie sê dat die simbole wat betref hulle inhoud en vorm altyd dieselfde was of is nie; selfs ook nie dat dit by alle mense dieselfde is nie. Dit is juis in hierdie "versatility and multiformity" waarin die menslike gees so sterk gekenmerk word.

Alhoewel die funksie van simboolvorming altyd dieselfde is, word die inhoud van die simbole altyd ryker en meer verteenwoordigend van die werklikheid en word op die wyse die mens se kennis van en deelname aan die werklikheid steeds voller en groter. Algaande maak die mens hom meer vry van die beperkings waaraan hy onderhewig is en is die pad van die ontwikkeling van die mensdom die pad van "progressive self-liberation".

8./ DEEL I.B.